- die Christenonderwyser se lewens- en wêreldbeskouing kan verstaan vanuit die briewe van Paulus en dit kan toepas.

ONBS123 **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

Klaskamerbestuur

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die klaskamer kan analiseer as ’n ruimte waarin God gedien kan word;
- verskeie maniere kan skep om ouers te betrek;
- die belangrikhheid kan motiveer vir dissipline as ’n voorwaarde vir ’n produktiewe klaskameratmosfeer;
- oor kennis beskik van effektiewe administrasie;
- kennis kan demonstreer oor die wyse waarop leerders gemotiveer kan word;
- die belang kan ondersoek van leierskaps- en bestuursvaardighede; en
- oor kennis beskik van diversiteit in die onderwys.

ONSA322 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

Onderwys in Suid-Afrika

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n ingeligte kennisgeletterdheid as basis kan gebruik om die impak van geskiedenis en politiek op die aard van die onderwysstelsel en die verskaffing van onderwys te verduidelik;
- ’n ingeligte kennisgeletterdheid as basis kan gebruik om die impak van geskiedkundige en politieke kragte op die verskaffing van onderwys in die Afrika-klimaat wat bevorderlik is vir onderrig en leer te verduidelik en evalueer;
- probleemoplossing kan gebruik as basis om die invloed van geskiedenis en politiek op onderwys in Suid-Afrika te beskryf, te ontleed en te evalueer;
- ’n ingeligte kennisgeletterdheid as basis kan gebruik om die geskiedkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te beskryf en te verduidelik; en
- ’n ingeligte kennisgeletterdheid as basis kan gebruik om die impak van geskiedenis en politiek ná 1994 op onderwys in Suid-Afrika te verduidelik.

OPVS123 **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

Opvoedkundige Sielkunde 1

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die filosofiese begronding van onderwys as ’n wetenskap kan verduidelik;
- die terrein van opvoedkundige sielkunde in die onderwys kan begryp;
- die belangrikheid van verskillende vertrekpunte ten opsigte van onderrig en leer kan insien en verstaan hoe hierdie vertrekpunte in verskillende filosofieë van onderwys uitgedruk word;
- die Christelike vertrekpunte kan identifiseer; en
- die kennis en vaardighede bemeester het wat nodig is om kinderontwikkeling te verstaan ten opsigte van fisiese, kognitiewe, etiese, sosiale, kreatiewe en emosionele ontwikkeling tydens die kinderjare (geboorte tot 18 jaar).

OPVS213 **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

Opvoedkundige Sielkunde 2

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die verwerfde kennis in OPVS121 gebruik om verskillende beskouings en teorieë aangaande leer te analiseer;
- kennis dra van die teorieë wat deur leiersfigure in die Opvoedkunde ontwikkel is;
- in staat wees om ‘n positiewe leeromgewing te skep, met inagneming van persoonlike leerstyle van leerders;
- hierdie teorieë kan belyn met Christelike oogpunte en terselfdertyd ook ’n persoonlike filosofie van opvoeding begin ontwikkel;
- in staat wees om die begrippe “intelligensie” en “leerstyle” te begryp en toe te pas;
- bewus wees van die nuutste navorsing oor intelligensie;
- insig hê in die kognitiewe prosesse van die brein, perseptuele ontwikkeling, asook die rol van motivering in leer;
- die belangrikhheid kan begryp van die kind se taalontwikkeling;
- die invloed kan beskryf van kulturele diversiteit en sosio-ekonomiese status op die akademiese vordering en funksionering van leerders; en
- die morele ontwikkeling van die kind kan beskryf en weet dat die Skepper die mens gevorm het om op verskeie wyses te funksioneer en dat die mens daarom uniek is.

OPVS223 **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

Opvoedkundige Sielkunde 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om die jong kind te identifiseer wat nie ontwikkel volgens verwagte mylpale met betrekking tot die fisiese, kognitiewe, normatiewe, sosiale, emosionele en selfstandigheidsnorme nie;
- gedrags- en leerprobleme kan identifiseer binne die onderrig-en-leer-scenario;
- leerders kan erken, verstaan en fasiliteer wat tekens toon van angs, trauma en ander ouderdomstoepaslike hindernisse wat ‘n invloed op die leerders in die formele en informele leersituasie kan uitoefen; en
- onderrig- en leerscenarios kan skep en fasiliteer wat die diversiteit van die leerders in Suid-Afrika aanpreek en insluit.

OTOB122 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

Onderrig in Bybelkunde: Ou Testament

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n gedetailleerde kennis kan demonstreer van God, die mens, die verhouding tussen God en mens, mens tot mens, die mens teenoor die natuur asook die Messias binne die konteks van die Pentateug;
- die vermoë demonstreer om Gereformeerde verklarende metodes op die Pentateug vir ’n Christusgesentreerde perspektief toe te pas; en
- begrip van die Pentateug se etiese implikasies demonstreer.

OTOB212 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

Onderrig in Bybelkunde: Ou Testament

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n gedetailleerde kennis kan toon van die eienskappe van God, die verhouding tussen God en mens, asook die koninkryk van die beloofde Messias binne die konteks van die Ou Testamentiese geskiedenisboeke;
- die vermoë kan demonstreer om Gereformeerde verklarende metodes op die Ou Testamentiese geskiedenisboeke vir ’n Christusgesentreerde perspektief toe te pas; en
- die vermoë kan demonstreer om komplekse inligting betroubaar en samehangend met behulp van toepaslike akademiese konvensies te kommunikeer.

OWRR113 **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

Onderwysreg

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die regsomgewing en die grondbeginsels van regstoepassing in die onderwysomgewing kan beskryf en evalueer sodat hulle kennis dra van wat wetlik van alle belangegroepe in die onderwys verwag word;
- oor begrip beskik van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wetnr. 108 van 1996 met betrekking tot onderwysreg in Suid-Afrika;
- oor begrip beskik van die Grondwet se rol ten opsigte van balans met verwysing na menseregte en die skep van ’n vreedsame skoolomgewing wat vir onderrig en leer bevorderlik is;
- oor begrip beskik van die wyse waarop die Suid-Afrikaanse Skolewet, wet 84 van 1996 menseregte reguleer en beskerm ten einde ’n vreedsame skoolklimaat te skep wat vir onderrig en leer bevorderlik is;
- die sorg en veiligheid van leerders kan voorop stel;
- die regte en verpligtinge van ouers, leerders en opvoeders kan begryp; en
- die opvoeder en hul professionele etiek kan definieer en begryp, met verwysing na die Professionele Gedragskode vir Opvoeders deur die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000 te implementeer.

PRAK123 **Krediete: 10** **NKR-vlak: 6**

Onderwyspraktyk 1

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- onderrig en leer in die hoërskool kan waarneem;
- bewyse verskaf dat die onderrig- en leeromgewing waargeneem is;
- die nakoming van wette en beleidstukke kan ondersoek;
- onderrig in die Senior & VOO-fase kan waarneem;
- voorbeelde van administratiewe strategieë kan versamel; en
- kan besinning doen.

PRAK233 **Krediete: 24** **NKR-vlak: 6**

Onderwyspraktyk 2

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om waar te neem, te beplan en onderrig en leer in die klaskamer aan te bied;
- bewyse kan verskaf van begeleide klasse wat aangebied is;
- voorbeelde van administratiewe take kan versamel; en
- ‘n lesbeplanning kan voltooi; gebruik kan maak van verskillende assesseringsmetodes, -vorme en -instrumente; en suksesvol kan besin oor hierdie assesserings.

PRAK333 **Krediete: 24** **NKR-vlak: 6**

Onderwyspraktyk 3

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kan waarneem, beplan en onderrig en leer in die klaskamer kan aanbied;
- bewyse kan verskaf van onafhanklike onderrig dwarsoor die Senior Fase & VOO;
- ‘n lesbeplanning kan voltooi; gebruik kan maak van verskillende assesseringsmetodes, -tipes, -vorme en -instrumente; en suksesvol oor hierdie assesserings kan besin; en
- ‘n uitgebreide kennisbasis beskik waarmee selfgerigte leer in die klaskamer suksesvol verduidelik en geïmplementeer kan word.

PRAK433 **Krediete: 36** **NKR-vlak: 7**

Onderwyspraktyk 4

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- lesse kan beplan en vir enige klas in die Senior & VOO-fase kan aanbied;
- ‘n weeklange kurrikulum kan beplan en vir enige klas in die Senior & VOO-fase kan aanbied;
- bewyse kan verskaf dat die beginsels van inklusiwiteit toegepas is;
- lesbeplanning kan voltooi; gebruik kan maak van verskillende assesseringsmetodes, -tipes, -vorme en -instrumente; en suksesvol oor hierdie assessering kan besin; en
- ’n geïntegreerde kennisbasis kan demonstreer waarmee verskillende tegnologie-tegnieke doeltreffend in die klaskamerkonteks toegepas kan word.

REKA111 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

Rekeningkunde 1A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ‘n duidelike begrip hê van die aard en funksie van Rekeningkunde; die doel kan verduidelik van Rekeningkunde-onderrig in die Senior & VOO-fase; en die ontwikkeling van rekeningkundige praktyke kan ondersoek;
- die beginsels en elemente van rekeningkundige sisteme kan definieer, oorweeg en analiseer; en die standaardprosesse en –metodes wat gebruik word in die rekeningkundige praktyke van ‘n eenmansaak kan selekteer, toepas, implementeer en dit in assessering kan weergee;
- oor die vermoë beskik om rekeningkundige probleme op te los deur die toepassing van teoretiese kennis en algemeen aanvaarde rekeningkunde-praktyk (AARP); en
- deur hul optrede goeie waardes en etiese gedrag weerspieël teenoor die dosent en medestudente; goeie kommunikasievaardighede besit; en Rekeningkunde-opdragte, bv. die boekstawing van transaksies, kan uitvoer

REKA121 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

Rekeningkunde 1B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in-dieptekennis en begrip hê van die beginsels rakende die rekeningkundige siklus se voltooiing en die wyse waarop dit met vorige elemente in die siklus saamhang; en kritiese denke kan aanbied met betrekking tot die wisselwerking tussen die verskillende rekeningkundige prosesse;
- probleemoplossing kan demonstreer wat gebruik kan word om die korrekte prosesse en prosedures in die voltooiing van die rekeningkundige proses te kies, te evalueer en korrek te implementeer om sodoende as oplossing vir die probleem te dien;
- oor die vermoë beskik om die etiese implikasies van besluite, aspekte en praktyke wat spesifiek relevant is tot belasting op toegevoegde waarde (BTW) in ooreenstemming met wette, beleide en ander rekeningkundige praktyke uiteen te sit; en
- as ‘n leier/lid in 'n groep kan saamwerk; ‘n betekenisvolle bydrae kan lewer deur middel van kennis en vaardighede om sodoende ‘n projek/opdrag/taak rakende BTW of die voltooiing van die rekeningkundige siklus of rekonsiliasies te kan uitvoer deur aan die gestelde kriteria te voldoen; en gesamentlike verantwoordelikheid kan aanvaar vir die leerproses van die groep.

REKA211 **Krediete: 8** **NKR-vlak: 6**

Rekeningkunde 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in-dieptekennis en begrip kan toon van die uiteensetting en samestelling van finansiële state, die funksie van die verskillende elemente wat deel vorm daarvan en die samehang daarvan met vorige leereenhede; en kritiese denke kan openbaar met betrekking tot die oogmerk van finansiële state om finansiële inligting aan verbruikers te verskaf;
- probleemoplossing kan demonstreer wat aangewend kan word om die korrekte prosesse en prosedures te kies, evalueer en te implementeer, wat as oplossing sal dien vir probleme wat tot voorraad en eiendom, aanleg en toerusting relevant is en om dit volgens die korrekte rekeningkundige praktyke te boekstaaf of te verantwoord;
- leer kan bestuur om verantwoordelikheid te neem vir vordering; relevante strategieë kan implementeer om die rekeningkundige vakinhoud doeltreffend aan te leer; en die vermoë kan openbaar om prestasie krities te evalueer aan die hand van gegewe kriteria om sodoende aan die vereistes van die module te voldoen; en
- in ‘n groep as ‘n leier/lid kan saamwerk; en ‘n betekenisvolle bydrae kan lewer deur middel van kennis en vaardighede om sodoende ‘n projek/opdrag/taak te kan uitvoer deur aan die kriteria te voldoen en gesamentlike verantwoordelikheid vir die leerproses van die groep te aanvaar.

REKA221 **Krediete: 8** **NKR-vlak: 6**

Rekeningkunde 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor ’n gedetailleerde kennisbasis beskik en die vermoë demonstreer om die sleutelterme, konsepte, elemente, reëls, prosesse en prosedures met betrekking tot die finansiële state van ‘n eenmansaak toe te pas; en ’n begrip hiervan in verskillende kontekste kan toon en verstaan hoe dit met ander dissiplines of praktyke verband hou;
- toegang hê tot die prosessering en bestuur van finansiële inligting om dit te oorweeg, te evalueer en afleidings te maak; gevolgtrekkings reg kan dokumenteer, voorstel en openbaar; en foute in die finansiële state kan identifiseer en volgens vakspesifieke metodes kan regstel;
- oor die vermoë beskik om finansiële inligting vanaf verskeie bronne in te samel, te organiseer, te analiseer, krities te ondersoek en die resultate individueel en in groepverband te kan kommunikeer; en
- etiese en professionele praktyk kan toepas om ‘n begrip te demonstreer van besluite se etiese implikasies en optrede binne ‘n professionele konteks; en ‘n begrip hê van etiese kwessies en dilemmas binne die rekeningkundige professie.

REKA311 **Krediete: 10** **NKR-vlak: 6**

Rekeningkunde 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor 'n geïntegreerde kennis en begrip van Bestuursrekeningkunde se beginsels beskik; en die aard en funksie van Bestuursrekeningkunde kan beskryf en die verband van hierdie dissipline met Finansiële Rekeningkunde kan verduidelik;
- probleemoplossing toon wat gebaseer is op die wyse waarop standaardprosesse en –metodes wat gebruik word in Bestuursrekeningkunde in die bestaande kennisraamwerk gevoeg kan word; en die insigte wat pas verwerf is in assesseringsaktiwiteite kan verduidelik, selekteer, toepas en weergee;
- oor die vermoë beskik om bestuursrekeningkundige inligting vanaf verskeie bronne in te samel, te organiseer, te analiseer, krities te ondersoek en die resultate individueel en in groepverband op ‘n akkurate en samehangende wyse deur middel van geskrewe en verbale kommunikasie kan aanbied, met inbegrip van plagiaat, kopiereg en konvensies rakende intellektuele eiendom; en
- volle verantwoordelikheid kan neem vir eie leerbehoeftes, eie vordering monitor, geskikte leerstrategieë toepas en alle beskikbare hulpbronne (bv. e-Klas, die handboek, die dosent, die internet, ens.) op ‘n suksesvolle en doeltreffende wyse bestuur om sodoende die uitkomstes van hierdie module te bereik.

REKA321 **Krediete: 10** **NKR-vlak: 7**

Rekeningkunde 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde kennis en begrip toon van ander ondernemingsvorms in die rekeningkundige veld en ‘n begrip toon van die wyse waarop dit met ander ondernemingsvorms en rekeningkundige stelsels verband hou wat in vorige modules behandel is;
- oor die vermoë beskik om probleme wat verband hou met verskillende ondernemingsvorms in onbekende kontekste te identifiseer, te analiseer en op te los deur oplossings wat op toepaslike prosesse en prosedures in die rekeningkundige veld gebaseer is;
- die vermoë toon om komplekse rekeningkundige inligting op ‘n verstaanbare en geldige manier aan te bied en te kommunikeer deur van aanvaarbare rekeningkundige metodes gebruik te maak;
- die vermoë toon om waardegedrewe besluite te neem en eties in verskeie kontekste op te tree; en
- ‘n begrip toon van gedrag, optrede en besluitneming se etiese implikasies met betrekking tot verskillende ondernemingsvorms, met inbegrip van die wette, beleide en etiese kodes wat daarmee verband hou.

REKA411 **Krediete: 10** **NKR-vlak: 7**

Rekeningkunde 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor geïntegreerde kennis en begrip beskik van die sleutelterme, konsepte, beginsels en prosedures wat verband hou met die finansiële verslagdoening van maatskappye; die vermoë demonstreer om hierdie kennis en begrip te evalueer en toe te pas binne die konteks van die verskillende velde van Rekeningkunde; en inligting in die verband kan aanbied en openbaar op ’n samehangende en betroubare wyse in die regte formaat;
- oor die vermoë beskik om komplekse probleme rakende maatskappye te identifiseer, te analiseer, krities daaroor te reflekteer en aan te spreek deur praktykgebaseerde oplossings met teoretiese begronding vanuit die Maatskappywet en ander bronne aan te bied;
- oor alle waardes, etiese optrede en regverdigbare besluitneming kan reflekteer, wat van toepassing is op die finansiële verslagdoening van maatskappye en die onderwysprofessie in die algemeen; en ‘n begrip hê van verskeie etiese kwessies wat met die moduleinhoud verband hou; en
- oor die vermoë beskik om ’n groep te bestuur in ‘n onbekende konteks om onbekende en abstrakte probleme rakende maatskappye op te los; die vordering kan monitor van die groep ; en verantwoordelikheid kan aanvaar vir die voldoening aan uitkomstes en die gepaste gebruik van toepaslike hulpbronne.

REKA421 **Krediete: 10** **NKR-vlak: 7**

Rekeningkunde 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor ’n geïntegreerde kennis en begrip beskik rondom die sleutelterme, konsepte, beginsels en prosedures wat verband hou met die finansiële verslagdoening van maatskappye; die vermoë demonstreer om hierdie kennis korrek te evalueer en toe te pas binne die konteks van die verskillende Rekeningkundevelde; en inligting in hierdie verband kan aanbied en openbaar op ’n samehangende en betroubare wyse in die regte formaat;
- die vermoë toon om komplekse probleme rakende maatskappye te identifiseer, te analiseer, krities daaroor te reflekteer en aan te spreek deur praktykgebaseerde oplossings met teoretiese begronding vanuit die Maatskappywet en ander bronne aan te bied;
- oor alle waardes, etiese optrede en regverdigbare besluitneming kan reflekteer, wat van toepassing is op die finansiële verslagdoening van maatskappye en die onderwysprofessie in die algemeen; en ‘n begrip hê van verskeie etiese kwessies wat met die module-inhoud verband hou; en
- oor die vermoë beskik om ‘n groep in ‘n onbekende konteks te bestuur om onbekende en abstrakte probleme rakende maatskappye op te los; die vordering kan monitor van die groep; en verantwoordelikheid kan aanvaar vir die voldoening aan uitkomstes en die gepaste gebruik van toepaslike hulpbronne.

REKM221 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

Rekeningkunde-metodologie 2

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ‘n duidelike begrip toon van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe as vakgebied se inhoud en doel; en die vermoë demonstreer om die beleidsdokumente wat betrekking daarop het krities te analiseer en te interpreteer;
- oor die vermoë beskik om probleme wat ontstaan vanuit die teoretiese temas in hierdie module op te los deur voldoende lesbeplanning en -voorbereiding;
- inligting effektief kan oordra en lesse doeltreffend aanbied deur die effektiewe gebruik van gepaste inligting- en kommunikasietegnologie-vaardighede en -hulpmiddels; en
- die module Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op so 'n wyse kan aanbied dat hul Christelike norme en waardes weerspieël word.

REKM321 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

Rekeningkunde-metodologie 3

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor ’n geïntegreerde kennis en begrip beskik van onderrig en leer met betrekking tot EBW en Rekeningkunde se sleutelbeginsels; en die vermoë demonstreer om hierdie kennis en begrip te evalueer en toe te pas, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse konteks waarin onderrig plaasvind;
- probleemoplossing kan doen, wat gebaseer word op hul vermoë om kritiese denke en kreatiewe redenering toe te pas ten opsigte van onderrig in EBW/Rekeningkunde;
- akkurate en samehangende geskrewe en verbale kommunikasie kan produseer tydens kontaksessies; en lesse kan aanbied deur die effektiewe gebruik van hulpmiddels; en
- Christelike norme en waardes kan weerspieël tydens die aanbieding van 'n EBW-les; en ‘n etiese en waardegedrewe houding toon teenoor EBW as vakgebied en die onderwysprofessie as geheel.

REKM421 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 7**

Rekeningkunde-metodologie 4

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in-dieptekennis en begrip toon van die beginsels van assessering, benaderings tot leer en leerhindernisse; kan begryp hoe die inhoud van hierdie module met vorige metodiekmodules saamhang; en kritiese denke kan toepas met betrekking tot die skep van gehalte-leerervarings;
- probleemoplossing kan doen, wat gebaseer word op hul vermoë om die korrekte metodes, tipes en instrumente met betrekking tot assessering te kies, te evalueer en te implementeer om as oplossing vir leerders se diverse leerbehoeftes te dien;
- oor die vermoë beskik om verskillende prosedures, tegnieke en onderrigmetodes te selekteer, te evalueer en toe te pas om bestaande probleme met betrekking tot onderrig en leer op te los om sodoende die effektiewe onderrig van EBW daardeur te bevorder; en
- Christelike norme en waardes weerspieël tydens die aanbieding van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe as module; en ‘n etiese en waardegedrewe houding toon teenoor EBW as vakgebied en die onderwysprofessie as geheel.

SEPE223 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

Sepedi-kommunikasievlak

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n bewustheid ontwikkel van die multikulturele klaskamer se werklikheid en begrip toon van die aanleer van ’n Afrikataal;
- oor die vermoë beskik om die taalkennis en –vaardighede wat in die module aan die hand van spesifieke temas/onderwerpe aangeleer is sinvol en effektief in die werksomgewing aan te wend; en
- kennis van die woordeskat en basiese grammatika kan demonstreer, spesifiek binne die onderwysomgewing.

VERA111 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

Verbruikerstudie 1A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van die verbruiker as individu, gesinslid en lid van die gemeenskap hê;
- oor kennis en begrip van finansiële aspekte rondom verbruikersgedrag beskik;
- oor vaardigheid in die toepassing van finansiële prosesse beskik; en
- ‘n Christelik-gefundeerde waardebeoordeling van verbruikersgedrag in die moderne wêreld kan uitspreek.

VERA121 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

Verbruikerstudie 1B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van bemarking binne die Suid-Afrikaanse ekonomie hê;
- kennis en begrip van entrepreneurskap binne die Suid-Afrikaanse mikro-ekonomie hê;
- vaardighede in die toepassing van bemarkingstrategieë binne ‘n mikro-ekonomiese omgewing hê;
- vaardighede in die toepassing van entrepreneurskapsbeginsels in ‘n mikro-ekonomiese omgewing hê; en
- ‘n Christelik-gefundeerde waardeoordeel oor hedendaagse bemarkingstrategieë kan uitspreek.

VERA211 **Krediete: 8** **NKR-vlak: 6**

Verbruikerstudie 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip in die interpretasie van resepinstruksies en die skryf van resepte in aksievorm toon;
- vaardigheid in die toepassing van mengmetodes vir basiese meelmengsels asook kooktegnieke vir pasta en rys toon;
- vaardigheid in die toepassing van gaarmaakmetodes vir groente en eiers toon, met spesifieke fokus op kook, stoom, posjeer en braai;
- vaardigheid in die voorbereiding van gekookte souse en slaaie toon; en
- ‘n Christelik gefundeerde waardebeoordeling op voedselpraktika binne Verbruikerstudie kan toepa

VERA221 **Krediete: 8** **NKR-vlak: 6**

Verbruikerstudie 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip kan toon van ontwerpelemente en –beginsels wat vir Verbruikerstudie geld;
- kennis en begrip van tekstiele met die oog op ontwerpe binne Verbruikerstudie kan toon;
- kennis en begrip van die ontwerp en keuse van 'n geskikte woning vir die Suid-Afrikaanse verbruiker kan toon;
- vaardighede in die toepassing van ontwerpelemente en -beginsels binne Verbruikerstudie kan toon; en
- ’n Christelik gefundeerde waardebeoordeling op ontwerpe binne Verbruikerstudie kan toepas.

VERA311 **Krediete: 10** **NKR-vlak: 6**

Verbruikerstudie 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- vaardigheid in die voorbereiding en bak van gisprodukte, chouxdeeg en eenvoudige brosdeeg toon;
- vaardigheid in die voorbereiding, bak, versiering en vries van groot koeke toon;
- vaardigheid in die voorbereiding, bak en versier van terte en kleinkoekies toon;
- vaardigheid in die voorbereiding van suikerkokery, blatjang en konfyt toon; en
- ‘n Christelik gefundeerde waardebeoordeling op voedselpraktika binne Verbruikerstudie toepas.

VERA321 **Krediete: 10** **NKR-vlak: 7**

Verbruikerstudie 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van die toepassing van voedselhigiëne- en voedselveiligheidsbeginsels toon, insluitend die identifisering en voorkoming van voedselbederf, voedselbesmetting en voedselvergiftiging;
- kennis en begrip van voedselbergings- en afvalbestuursmetodes toon;
- vaardigheid in die identifisering, bestuur en voorkoming van kombuisplae en voedseloordraagbare siektes toon;
- kennis en begrip in die toepassing van voedseladditiewe en -etikettering toon; en
- ‘n Christelik gefundeerde waardebeoordeling oor voeding en voedselveiligheid kan bespreek.

VERA411 **Krediete: 10** **NKR-vlak: 7**

Verbruikerstudie 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- vaardigheid in die voorbereiding en gaarmaak van visgeregte toon;
- vaardigheid in die voorbereiding en gaarmaak van hoendergeregte toon;
- vaardigheid in die voorbereiding en gaarmaak van rooivleis toon;
- vaardigheid in die voorbereiding van gelatiengeregte en gevorderde nageregte toon; en
- ‘n Christelik gefundeerde waardebeoordeling op voedselpraktika binne Verbruikerstudie toepas.

VERA421 **Krediete: 10** **NKR-vlak: 7**

Verbruikerstudie 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van die spysverteringstelsel toon;
- kennis en begrip van voedselgroepe en voedingstowwe toon;
- vaardigheid in die toepassing van voedselgebaseerde dieetriglyne toon;
- vaardigheid in die toepassing van maaltydbeplanning toon; en
- ‘n Christelik gefundeerde waardebeoordeling oor voeding en voedselkeuses van verbruikers uitspreek.

VERM221 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

Verbruikerstudie-metodologie 2

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van konsepte en rolspelers in die onderrig van die teoretiese komponent van Verbruikerstudie toon;
- kennis en begrip van lesbeplanning met betrekking tot die teoretiese komponent van Verbruikerstudie toon;
- vaardighede in die toepassing van ‘n Verbruikerstudie-kurrikulum met betrekking tot die teoretiese komponent van Verbruikerstudie toon;
- vaardighede in die toepassing van assesseringsmetodes met betrekking tot die teoretiese komponent van Verbruikerstudie toon; en
- ‘n Christelik gefundeerde waardebeoordeling op onderrigmetodes met betrekking tot die teoretiese komponent van Verbruikerstudie kan uitspreek.

VERM321 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

Verbruikerstudie-metodologie 3

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van konsepte en rolspelers in die onderrig van die praktiese komponent van Verbruikerstudie toon;
- kennis en begrip van lesbeplanning met betrekking tot die praktiese komponent van Verbruikerstudie toon;
- vaardighede in die toepassing van ‘n Verbruikerstudie-kurrikulum met betrekking tot die praktiese komponent van Verbruikerstudie toon;
- vaardighede in die toepassing van assesseringsmetodes met betrekking tot die praktiese komponent van Verbruikerstudie toon; en
- ‘n Christelik gefundeerde waardebeoordeling op onderrig met betrekking tot die praktiese komponent van Verbruikerstudie kan uitspreek.

VERM421 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 7**

Verbruikerstudie-metodologie 4

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van die minimum infrastruktuur van die opleidingskombuis toon;
- kennis en begrip van die veiligheidstandaarde van die opleidingskombuis toon;
- kennis en begrip van klein en groot kombuistoerusting en -apparaat toon;
- vaardigheid in die beplanning van praktiese lesse toon; en
- ‘n Christelik gefundeerde waardebeoordeling oor die rentmeesterskap van hulpbronne uitspreek.

WBSL112 **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

Wêreldbeskouingsleer

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die fenomeen "wêreldbeskouing", soos dit in die globale konteks gebruik word, kan verduidelik;
- 'n bewustheid toon van die wyse waarop "wêreldbeskouing" as konsep binne die studieveld ontwikkel het en die belangrikheid van 'n wêreldbeskouing kan bespreek;
- 'n geïntegreerde kennis kan demonstreer van 'n Christelike wêreldbeskouing se basiese beginsels, wat ’n begrip van die sleutelterme, konsepte, feite, beginsels en teorieë van hierdie wêreldbeskouing en hoe dit van ander fundamentele wêreldbeskouings verskil, insluit; en
- die vermoë demonstreer om inligting uit 'n verskeidenheid bronne, waaronder mondelinge, geskrewe of simboliese tekste, te versamel en te selekteer ten einde 'n akademiese skryfstuk te skryf; basiese analise-, sintese- en evalueringsprosesse op daardie inligting kan toepas; oor die vermoë beskik om die versamelde inligting betroubaar, akkuraat en samehangend deur te gee deur gebruik te maak van konvensies wat geskik is vir die konteks; en 'n geskrewe opdrag ingee, met inbegrip van goeie akademiese praktyk en respek vir konvensies rondom intellektuele eiendom, outeursreg en plagiaat.